

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
14 Augustus 1977

Onderwerp: Gideon

Lees: Rigters 7 verse 7 tot 15

Teks: Rigters 7 vers 13

Sing: Psalm 91 vers 1
Gesang 12 verse 5 en 6

“Drome het in die ou tyd, miskien veel meer as in die moderne tyd, ’n belangrike rol gespeel in die lewe van mense en volkere. In die Bybel maak ons meermale met drome kennis. Dink maar aan die drome van Jakob, Josef, Farao en sy bakker en skinker, Salomo, ensovoorts.

“Ons teks maak ook melding van ’n droom van ’n Midianiet. Ons lees hoedat die HERE van hierdie heidense man en sy droom ’n werktuig gemaak het. Sy droom en die inhoud daarvan was bereken om nie net vir Gideon en sy keurbende nie, maar ook vir gelowiges in die eeue daarna grootliks te bemoedig.

“Die droom spreek eerstens tot ons oor die oormag van die vyand. Soos op ander plekke maak die Bybel hier gebruik van ’n teenstelling om vir Gideon en ons ’n indruk van die vyandelike oormag te gee. In die droom van die Medianiet is daar sprake van twee dinge: ’n tent en ’n garsboord. Die tent het die Midianiete verteenwoordig, wat ’n herdersvolk was; en die brood die Israeliëte, wat in hoofsaak landbouers was.

“Die twee volke, wat op daardie tydstip in oorlog met mekaar was, het dus in verhouding van ’n tent tot ’n garsbrood tot mekaar gestaan. Dit spreek van vyandelike oormag.

“Gideon het dit reeds tevore ondervind. In Rigters 6 lees ons dat die HERE sy volk in die hande van die Midianiete oorgegee het vir ’n tydperk van sewe jaar. In dié tyd het hulle die oorhand oor die Israeliëte gehad.

“Toe die HERE Gideon geroep het om sy volk van die Midianiete te bevry, was dit duidelik dat Hy hom vooraf onder die indruk van die oormag van die vyand wou bring. Daarom het Hy hom in die nag gestuur na die laer van die vyand.

“Toe hy by die buitenste lyn van die gewapendes gekom het, moes hy kennis neem van die getalle oorwig: ‘En die Midianiete en Amalekiete en al die kinders van die Ooste het in die laagte gelê soos sprinkane in menigte, en hulle kamele was ontelbaar soos die sand aan die seestrand in menigte.’ (Rig 7:12) Dit is verder bevestig in die droom wat hy gehoor het. Die vyand se oormag oor hulle was soos ’n tent teenoor ’n garsbrood.

“’n Mens moet nooit die vyand onderskat nie. Dit is hoe Gideon die vyand moes sien en so moet u en ek hom ook sien. As die Skrif die magte van die Bose beskryf, gebruik dit nooit verkleinwoorde nie. Inteendeel Petrus praat van Satan as: ‘Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos ’n brullende leeu en soek wie hy kan verslind.’ (1 Petr 5:8)

“Paulus skryf: ‘Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug.’ (Ef 6:12)

“Johannes beskryf die duiwel: ‘... en daar was ’n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe sewe krone; en sy stert het die derde van die sterre van die hemel meegesleep en hulle op die aarde gegooi.’ (Openb 12:3,4)

“Só ken ons hom ook in ons eie lewens, maar veral ook in die lewens van andere. Het u al probeer om sy mag in u eie lewe, of in die lewe van u medemens te bekamp en te bestry?

“Het die beeld van ons teks nie ook betrekking op die wêreldtoneel van ons dag nie? Dink aan die miljoene van die anti-Christelike magte. Dink ook aan die hedendaagse afgode, soos in Gideon se tyd. Dink aan die middele tot hulle beskikking. Dit is ontelbaar soos die kamele van die Midianiete. Dan word ons opnuut bewus van die oormag van die vyand. Laat ons hom nooit onderskat nie.

“Hierteenoor wys ons teks ons op Gideon se onmag: die garsbrood in vergelyking met die tent. Só het Gideon sy eie volk geken. Hulle is deur die Midianiete verslaaf en vertrap. Rigters 6 vertel ons dat die Israeliete in slote en gate in die berge gebly het. (Rig 6:2) Na jare van verknegting het hulle as volk ’n gevoel van minderwaardigheid ontwikkel. Geen wonder nie dat Gideon, toe die HERE hom as Rigter geroep het, geantwoord het: ‘Ag, Here, waarmee sou ek Israel verlos? Kyk, my geslag is die swakste in Manasse, en ek

self die geringste in my familie.’ (Rig 6:15) Só het hy homself en sy familie geken: as ’n garsbroodjie teenoor die vyand se tent. En só moes sy leër aanvanklik vir hom gelyk het.

“Voordat God iemand gebruik, bring Hy hom in die reël eers aan die einde van homself. Dié les moet ons ook by Gideon leer: Gord ons ons in eie krag aan, dan is die stryd verlore.

“Dit het Paulus ons ook geleer: ‘... maar wat dwaas is by die wêreld, het God uitverkies om die wyse te beskaam; en wat swak is by die wêreld, het God uitverkies om wat sterk is, te beskaam; en wat onedel is by die wêreld en wat verag is, het God uitverkies, en wat niks is nie, om wat iets is, tot niet te maak, sodat geen vlees voor Hom sou roem nie.’ (1 Kor 1:27-29)

“Dit is dikwels in wat vir ons na ons eie onvermoë lyk, dat God sy wil volbring. ’n Voorbeeld is die inperking van Gideon se manskappe. God het hulle verminder van twee en dertig duisend, na tien duisend en uiteindelik na drie honderd, om God se almag te toon. Dit is God wat die oorwinning behaal het en nie Gideon en sy manskappe nie: ‘Die manskappe by jou is te veel vir My om die Midianiete in hulle hand te gee; anders kan Israel hom teen My beroem deur te sê: My eie hand het my verlos.’ (Rig 7:2)

“En só moes Gideon hoor: ‘Kyk, ek het ’n droom gehad: Daar rol ’n hard gebakte garsbrood in die laer van die Midianiete en kom tot by die tent en slaan dit dat dit omval en keer dit onderstebo, en toe lê die tent daar!’ (Rig 7:13)

“Hierdie vernietigswerk herinner ons aan die beeld wat Nebukadnesar in sy droom gesien het. Daniël het dit aan hom verklaar, nadat Nebukadnesar daarop aangedring het dat sy wyse manne ook vir hom moes vertel wat hy gedroom het, of doodgemaak moes word: ‘En wat my betref, hierdie geheim is my geopenbaar, nie deur ’n wysheid wat in my sou wees meer as in al die lewendes nie, maar met die bedoeling dat die uitlegging aan die koning bekend gemaak sal word en u die gedagtes van u hart kan ken. U, o koning, het ’n gesig gehad - kyk, daar was ’n groot beeld; hierdie beeld was hoog, en sy glans was buitengewoon; dit het voor u gestaan en sy voorkoms was vreeslik. Wat die beeld betref, sy hoof was van goeie goud, sy bors en sy arms van silwer, sy buik en sy lendene van koper, sy bene van yster, sy voete gedeeltelik van yster en gedeeltelik van klei. U het gekyk totdat daar sonder toedoen van *mensehande* ’n klip losraak wat die beeld

getref het aan sy voete van yster en van klei en dit fyngestamp het. Toe is tegelykertyd die yster, die klei, die koper, die silwer en die goud fyngestamp, en dit het soos kaf geword van die dorsvloere in die somer, wat die wind wegneem, sodat daar geen spoor van gevind is nie, maar die klip wat die beeld getref het, het 'n groot rots geword wat die hele aarde gevul het.' (Dan 2:30-35)

“Die stryd behoort aan die HERE. As Hy werk, kan niemand keer nie. Sy werk is deurtastend, finaal en volkome, soos treffend blyk uit ons teks. Laat dit elke kind van God bemoedig. Maar ons leer ook hier hoedat die almagtige God 'n swakke en hulpelose mens kan en wil gebruik.

“Dit is seker nie toevallig dat Jesus eeue later 'n skare van vyf duisend met vyf garsbrode en twee vissies gevoed het nie.

“U en my lewe, ons gawes en talente, ons offers, woorde en gebede mag op sigself swak en gering wees, soos garsbrode in die droom en in die wonderwerk. Maar as dit in die hande van die HERE gestel word, vermag dit veel. Laat ons nie huiwer om dit te doen nie.

“Amen.”